Kaapse Drie-Eene-Stigting (1.
aanbieding aan dr. Anton Rupert,
Burgerhuis, Stellenbosch,
22/4/77.

Verwelkoming 191. T. 2 (47)

namens 3 Eene — Eregaste: Dr. en mev. Rupert — Mede-trustees en eggenotes — Alle ander, dames en here wat ons uitnodiging aangeneem het.
Wys net daarop: nie 'n openbare geleentheid nie; spes. vir Kaapse Drie-Eene-Stigting en sy gaste.
Wish to apologize for the absence of our Chairman, Mr. Dudley D'Ewes — extremely sorry that he cannot attend: has been right from the outset a ~~pillar of strength~~ real keyman to the Cape Tercentenary Foundation. — At present overseas, but has assured us of his best wishes for this occasion. As Vice-Chairman I am, at his request, substituting for him, and am happy to do so.

Oor Kaapse Drie-Eene-Stigting

Die Kaapse Drie-Eene-Stigting is in 1950 opgerig ~~in 1950~~ deur die broers E.B.F. en H.A. Molteno, bekende sakemanne en pioniers van die vrugtebedryf in die gebied Grabouw/Elgin. Soos

'n mens kan verwag van mense
uit die prik familie van sir
John Molteno, eerste Eerste Minister
van Kaapland, was hulle
toegewyde, nederige mense; maar
hulle was besiel met 'n
intense liefde vir hulle
mense en hulle land, en
veral met 'n opregte belangstelling
in die kulturele welsyn
van hulle medemense.
Reeds in hulle leeftyd het
hulle fondse beskikbaar gestel
om die doelstellings van
die Stigting te bevorder;
enná hulle heengaan, twee
jare na mekaar, het daar
uit hulle nalatenskap nog
meer fondse gekom.
Die gevolg is dat die
Stigting vandag in staat
is om saakbare, vruchtbare wyse
aan die wense van die
oprigters uitvoering te gee.
Die doelstellings van die Kaapse
Die-Eene-Stigting is om
die beoefening van die kunste
en die bewaring van ons
natuurlike en kulturele
erfenis in Kaapland te
bevorder.
Met die oog hierop het die Stigting
sedert sy ontstaan van
tyd tot tyd aansienlike

geldelike toekennings gemaak
aan mense wat hulle
buitengewoon verdienstelik getoon
het in verband met die bevordering
van bv. die musiek, die letterkunde,
die skilderkuns, die argitektuur,
die studie en behoud van
ons geestelike en materiële
kultuurskatte, en die bewaring
van ons bodem en ons plante
en ons diere. Die Stigting het
ook reeds ondersteuning gegee vir die
uitgawe van 'n hele aantal
prestige-publikasies en het
belangrike
aan verdienstelike persone
ruime
beurse toegeken om
hulle in staat te stel om hulle
studie en navorsing
in die buiteland voort te sit.
'n Paar besondere punte in verband
met die werk van die Stigting
moet beklemtoon word.
Alle seksies van ons
bevolking word in aanmerking
geneem: Afrikaners en
Afrikaanse instansies, en
Engelssprekendes, sowel persone
as instansies, het onderskeidinge
en bystand ontvang, terwyl hier
in Wes-Kaapland ons
bruinmense ook betenisvolle
erkenning en steun gekry
het.

Verder is die Stigting veral hier in Wes-Kaapland werksaam, ++ wat verstaanbaar is aangesien hy hier setel, ++ maar sy belangstelling en aktiwiteit strek oor die hele Kaapland uit. Persone en instanties van plekke soos Oos-Londen en Port-Elisabeth, en selfs klein plekkies soos Fort Beaufort en Stutterheim, het al kom aanklop, ++ en ook bydraes ontvang. — Mag ek terloops byvoeg dat ek graag son sien dat ook mense van die uitgestrekte Kaapse middelland en Noordwes-Kaapland met verdienstelike versoeke na die Drie-Eene-Stigting kom; ek weet dat daar ook in die streke persone en liggame is wat son kon kwalifiseer.

In ander besondere punt in verband met die Stigting is dat hy, soos ons opgemerk het, Kaapland-gebonde is. Dit is in ooreenstemming met die wens van die oprigters: hulle was van oordeel dat, aangesien hulle in Kaapland geleef en gewerk en iets

byeengebring het, hulle aan Kaapland 'n ereskuld het; en bowendien was ~~dit~~ hulle van mening dat daar elders in die land, veral in die noordelike streke, relatief groter moontlikhede van steun vir die betrokke aangeleenthede is as in Kaapland. ~~is~~ ~~[illegible]~~ Die Kaaplandse aspek word egter baie ruim ~~vert~~ opgevat: mense kan kwalifiseer ofskoon hulle glad nie in Kaapland woon nie, mits hulle maar werk ~~van besondere~~ ~~[illegible]~~ doen waardeur na die mening van die Trustees op die genoemde terreine iets van blywende betekenis vir Kaapland en sy mense gelewer ~~is~~ word.

~~And~~ We now ~~we~~ come to our function of today. Let me immediately say that the Cape Tercentenary Foundation regard this as a very special occasion. We had long wished to ~~make~~ give appropriate recognition ~~to the~~ ~~[illegible]~~ ~~of~~ Dr. Rupert ~~the~~ to the work has been doing for many years, but ~~let me~~ ~~I may~~ ~~candidly say~~ ~~add that~~ we could not easily get clarity regarding the nature and form such

recognition should take. ~~In~~ (6.

In the end we decided to present him with a special piece, suitably inscribed; and this is indeed the first time we make a presentation of this nature. It is ~~only~~ a very modest gesture, but it is a genuine one, and we are extremely pleased that we can do this today when we have both Dr. Rupert and his wife in our midst.....

I shall presently make the presentation when I should like ~~to say just a word~~ to add a word about the piece ~~concerned, but~~ to be presented, but before that I wish to call on two gentlemen to deliver brief commendations: the first is Professor Matthys Bokhorst, who will deal with Dr. Rupert's work in connection with the arts; the second Professor Frans Smuts, who will refer to Dr. Rupert's work regarding preservation and restoration.

Prof. Bokhorst.

Prof. Smuts.

Presentation – work of Bill Davis – congratulations and appreciation Dr. R.

Dr. Rupert will answer.

Dank aan Hist. Huise v. S. A.; en veral mnr. J. H. Groeneveld

Conclusion and refreshments.

ook L. Schalk